

WINE AND SPIRIT CONTROL ACT
NO. 47 OF 1970

[ASSENTED TO 10 SEPTEMBER, 1970]

[DATE OF COMMENCEMENT: 18 SEPTEMBER, 1970]

(Unless otherwise indicated)

(Afrikaans text signed by the State President)

as amended by

- Wine and Spirit Control Amendment Act, No. 70 of 1972
Wine and Spirit Control Amendment Act, No. 74 of 1974
Wine and Spirit Control Amendment Act, No. 26 of 1975
Second Wine and Spirit Control Amendment Act, No. 62 of 1975
Wine and Spirit Control Amendment Act, No. 69 of 1976
Wine and Spirit Control Amendment Act, No. 47 of 1978
Wine and Spirits Amendment Act, No. 87 of 1980
Wine and Spirit Control Amendment Act, No. 44 of 1983
Wine and Spirits Amendment Act, No. 63 of 1984
Transfer of Powers and Duties of the State President Act, No. 97 of 1986
[with effect from 3 October, 1986—see title CONSTITUTIONAL LAW]
Wine and Spirit Amendment Act, No. 36 of 1988
Liquor Products Act, No. 60 of 1989
Wine and Spirit Control Amendment Act, No. 87 of 1990
General Law Amendment Act, No. 49 of 1996
[with effect from 4 October 1996—see title GENERAL LAW AMENDMENT ACTS]
Abolition of Restrictions on the Jurisdiction of Courts Act, No. 88 of 1996
[with effect from 22 November 1996—see title COURTS]

ACT

To consolidate the laws relating to the control and management of the wine and spirit industry; and to provide for matters incidental thereto.

CONTENTS

CHAPTER I

Wine intended for distillation purposes Sections 1 to 13

CHAPTER II

Wine not intended for distillation purposes Sections 14 to 30

CHAPTER III

Acquisition of grapes for conversion into wine or spirit and the disposal thereof by the Deciduous Fruit Board..... Sections 31 to 42

CHAPTER IV

Insufficient production of wine Sections 43 to 45

**WET OP BEHEER OOR WYN EN SPIRITUS
NO. 47 VAN 1970**

[GOEDGEKEUR OP 10 SEPTEMBER 1970]

[DATUM VAN INVOERING: 18 SEPTEMBER 1970]

(Tensy anders vermeld)

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken)

soos gewysig deur

Wysigingswet op Beheer oor Wyn en Spiritus, No. 70 van 1972

Wysigingswet op Beheer oor Wyn en Spiritus, No. 74 van 1974

Wysigingswet op Beheer oor Wyn en Spiritus, No. 26 van 1975

Tweede Wysigingswet op Beheer oor Wyn en Spiritus, No. 62 van 1975

Wysigingswet op Beheer oor Wyn en Spiritus, No. 69 van 1976

Wysigingswet op Beheer oor Wyn en Spiritus, No. 47 van 1978

Wysigingswet op Wyn en Spirituallieë, No. 87 van 1980

Wysigingswet op Beheer oor Wyn en Spiritus, No. 44 van 1983

Wysigingswet op Wyn en Spirituallieë, No. 63 van 1984

Wet op die Oordrag van Bevoegdthede en Pligte van die Staatspresident,
No. 97 van 1986

[met ingang van 3 Oktober 1986—sien titel STAATSREG]

Wysigingswet op Wyn en Spiritus, No. 36 van 1988

Wet op Drankprodukte, No. 60 van 1989

Wysigingswet op Beheer oor Wyn en Spiritus, No. 87 van 1990

Algemene Regswysigingswet, No. 49 van 1996

[met ingang van 4 Oktober 1996—sien titel ALGEMENE REGSWYSIGINGSWETTE]

Wet op Afskaffing van Beperkings op Howe se Jurisdiksie, No. 88 van 1996

[met ingang van 22 November 1996—sien titel GEREGSHOWE]

WET

Tot samevatting van die wette op die kontrole en beheer oor die wyn- en spiritusbedryf; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

INHOUD

HOOFSTUK I

Wyn vir distilleringsdoeleindes bestem Artikels 1 tot 13

HOOFSTUK II

Wyn nie vir distilleringsdoeleindes bestem nie Artikels 14 tot 30

HOOFSTUK III

Verkryging van druiwe vir omsetting in wyn of spiritus en die vandie-
handsetting daarvan deur die Sagtevrugteraad Artikels 31 tot 42

HOOFSTUK IV

Onvoldoende produksie van wyn Artikels 43 tot 45

CHAPTER V

Over-production of wine Section 46

CHAPTER VI

Levy on wine, spirit and brandy Sections 47 to 52

CHAPTER VII

General provisions Sections 53 to 57

CHAPTER VIII

Supplementary provisions Sections 58 and 59

CHAPTER I

WINE INTENDED FOR DISTILLATION PURPOSES

1. **Definitions.**—In this Chapter, unless the context otherwise indicates—

“absolute alcohol” means 100 per cent alcohol by volume;
 [Definition of “absolute alcohol” inserted by s. 1 (a) of Act No. 70 of 1972.]

“alcohol by volume”, in relation to wine or spirit, means the percentage of alcohol by volume contained in such wine or spirit;
 [Definition of “alcohol by volume” inserted by s. 1 (a) of Act No. 70 of 1972 and substituted by s. 1 of Act No. 87 of 1980.]

“blender” means a person approved and registered by the Commissioner for Customs and Excise as a blender of brandy and wine spirit;
 [Definition of “blender” substituted by s. 1 (a) of Act No. 87 of 1990.]

“co-operative society” means a co-operative society or co-operative company (other than the vereniging or a co-operative trading society or a central or federal co-operative trading company) which deals with products of winegrowers and has been registered under the law relating to co-operative societies and companies;

“distiller” means any person who conducts, works or carries on any distilling, or distils or manufactures any spirit from the produce of the vine;
 [Definition of “distiller” substituted by s. 1 of Act No. 74 of 1974 and by s. 1 (a) of Act No. 44 of 1983.]

“liquor product” means a liquor product as defined in section 1 of the Liquor Products Act, 1989 (Act No. 60 of 1989);
 [Definition of “liquor product” inserted by s. 1 (c) of Act No. 87 of 1990.]

“gin”
 [Definition of “gin” deleted by s. 1 (b) of Act No. 87 of 1990.]

“Government Brandy Board”
 [Definition of “Government Brandy Board” deleted by s. 32 of Act No. 60 of 1989.]

“grape spirit”
 [Definition of “grape spirit” inserted by s. 1 (b) of Act No. 44 of 1983 and deleted by s. 1 (b) of Act No. 87 of 1990.]

“leaguer”
 [Definition of “leaguer” deleted by s. 1 (b) of Act No. 70 of 1972.]

HOOFSTUK V

Oorproduksie van wyn Artikel 46

HOOFSTUK VI

Heffing op wyn, spiritus en brandewyn Artikels 47 tot 52

HOOFSTUK VII

Algemene bepalings Artikels 53 tot 57

HOOFSTUK VIII

Aanvullende bepalings Artikels 58 en 59

HOOFSTUK I

WYN VIR DISTILLERINGSDOELEINDES BESTEM

1. Woordoms krywing.—Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Hoofstuk—

„absolute alkohol” 100 persent alkohol volgens volume;

[Omskrywing van „absolute alkohol” ingevoeg by a. 1 (a) van Wet No. 70 van 1972.]

„alkohol volgens volume”, met betrekking tot wyn of spiritus, die persentasie alkohol volgens volume wat in sodanige wyn of spiritus bevat is;

[Omskrywing van „alkohol volgens volume” ingevoeg by a. 1 (a) van Wet No. 70 van 1972 en vervang by a. 1 van Wet No. 87 van 1980.]

„distilleerder” iemand wat distillering uitvoer, bewerkstellig of bedryf, of spiritus uit die produk van die wingerdstok distilleer of vervaardig;

[Omskrywing van „distilleerder” vervang by a. 1 van Wet No. 74 van 1974 en by a. 1 (a) van Wet No. 44 van 1983.]

„drankprodukt” ’n drankprodukt soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989);

[Omskrywing van „drankprodukt” ingevoeg by a. 1 (b) van Wet No. 87 van 1990.]

„druifspiritus”

[Omskrywing van „druifspiritus” ingevoeg by a. 1 (b) van Wet No. 44 van 1983 en geskrap by a. 1 (a) van Wet No. 87 van 1990.]

„groothandelaar” iemand wat gedurende één jaar ’n groothandelshoeveelheid wyn, ingevalge die omskrywing, *mutatis mutandis*, van „groothandelshoeveelheid” in artikel 14, soos bepaal met verwysing na die datum in genoemde omskrywing vermeld, of die ekwivalent van so ’n hoeveelheid wyn, in spiritus, koop;

[Omskrywing van „groothandelaar” vervang by a. 1 van Wet No. 36 van 1988.]

„jaar” ’n jaar wat op een-en-dertig Desember eindig;

„jenewer”

[Omskrywing van „jenewer” geskrap by a. 1 (a) van Wet No. 87 van 1990.]

„koöperatiewe vereniging” ’n koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy (behalwe die vereniging of ’n koöperatiewe handelsvereniging of ’n sentrale of federale koöperatiewe handelsmaatskappy) wat met die produkte van wynboere handel en kragtens die reg op koöperatiewe verenigings en maatskappye geregistreer is;

“liqueur”

[Definition of “liqueur” deleted by s. 1 (b) of Act No. 87 of 1990.]

“Minister” means the Minister of Agriculture;

“proof”

[Definition of “proof” deleted by s. 1 (b) of Act No. 70 of 1972.]

“proof spirit”

[Definition of “proof spirit” deleted by s. 1 (b) of Act No. 70 of 1972.]

“proof strength”

[Definition of “proof strength” deleted by s. 1 (b) of Act No. 70 of 1972.]

“vereniging” means the “Ko-operatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt”;

“vodka”

[Definition of “vodka” inserted by s. 1 (c) of Act No. 44 of 1983 and deleted by s. 1 (b) of Act No. 87 of 1990.]

“warehouse” means a customs and excise warehouse licensed under section 19 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964);

“wholesale trader” means any person who buys during any one year a wholesale quantity, in terms *mutatis mutandis* of the definition of “wholesale quantity” in section 14, of wine, as determined with reference to the date mentioned in the said definition, or the equivalent of such a quantity of wine in spirit;

[Definition of “wholesale trader” substituted by s. 1 of Act No. 36 of 1988.]

“wine” means wine or must of any description, and includes grapes, grape juice, moskonfyt, raisins, sultanas and lees of wine;

“Wine and Spirit Board” means the board referred to in section 2 of the Liquor Products Act, 1989.

[Definition of “Wine and Spirit Board” inserted by s. 32 of Act No. 60 of 1989.]

“winegrower” means any person who grows grapes and manufactures the same into wine or brandy for the purpose of sale or sells grapes for manufacture into wine or brandy for sale, or manufactures moskonfyt intended to be added to wine for sale;

“year” means a year ending on thirty-first December.

2. Production of wine for distillation purposes, and disposal of such wine or spirit or brandy.—(1) No person shall—

- (a) produce wine for distillation purposes, except under the authority of a permit issued by the vereniging;
- (b) sell or otherwise dispose of, or purchase or otherwise acquire, wine for the purposes of distillation or the conversion thereof into spirit, except through or with the consent of the vereniging; or
- (c) distil wine or utilize wine for the purpose of converting it into spirit, except with the consent of the vereniging.

(2) (a) No winegrower shall sell or otherwise dispose of any spirit or brandy obtained by him from the vereniging or distilled from wine which has been produced by him or has been derived from grapes purchased or otherwise acquired by him, except through or with the consent of the vereniging.

(b) No co-operative society shall sell or otherwise dispose of any spirit or brandy distilled from wine delivered to it, except through or with the consent of the vereniging.

[Para. (b) substituted by s. 2 (a) of Act No. 44 of 1983.]

„lêer”

[Omskrywing van „lêer” geskrap by a. 1 (b) van Wet No. 70 van 1972.]

„likeur”

[Omskrywing van „likeur” geskrap by a. 1 (a) van Wet No. 87 van 1990.]

„menger” iemand wat deur die Kommissaris van Doeane en Aksyns as 'n menger van brandewyn en wynspiritus goedgekeur en geregistreer is;

[Omskrywing van „menger” vervang by a. 1 (c) van Wet No. 87 van 1990.]

„Minister” die Minister van Landbou;

„pakhuis” 'n doeane- en aksynspakhuis gelisensieer kragtens artikel 19 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964);

„proef”

[Omskrywing van „proef” geskrap by a. 1 (b) van Wet No. 70 van 1972.]

„proefspiritus”

[Omskrywing van „proefspiritus” geskrap by a. 1 (b) van Wet No. 70 van 1972.]

„proefsterkte”

[Omskrywing van „proefsterkte” geskrap by a. 1 (b) van Wet No. 70 van 1972.]

„Regeringsbrandewynraad”

[Omskrywing van „Regeringsbrandewynraad” geskrap by a. 32 van Wet No. 60 van 1989.]

„vereniging” die „Ko-operatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperk”;

„wodka”

[Omskrywing van „wodka” ingevoeg by a. 1 (c) van Wet No. 44 van 1983 en geskrap by a. 1 (a) van Wet No. 87 van 1990.]

„wyn” enige soort wyn of mos, en ook druiwe, druiwesap, moskonfyt, rosyne, sultanas en wynmoer;

„wynboer” iemand wat druiwe kweek en daarvan wyn of brandewyn vir verkoop vervaardig, of druiwe verkoop vir die vervaardiging van wyn of brandewyn vir verkoop, of moskonfyt, bedoel vir byvoeging by wyn vir verkoop, vervaardig;

„Wyn- en Spiritusraad” die raad bedoel in artikel 2 van die Wet op Drankprodukte, 1989.

[Omskrywing van „Wyn- en Spiritusraad” bygevoeg by a. 32 van Wet No. 60 van 1989.]

2. **Produksie van wyn vir destilleringsdoeleindes, en vandiehandsetting van sodanige wyn of spiritus of brandewyn.**—(1) Niemand mag—

- (a) wyn vir destilleringsdoeleindes produseer nie, behalwe op gesag van 'n permit deur die vereniging uitgereik;
- (b) wyn vir doeleindes van destillering of die omsetting daarvan in spiritus verkoop of op 'n ander wyse van die hand sit, of koop of op 'n ander wyse verkry nie, behalwe deur of met toestemming van die vereniging; of
- (c) wyn distilleer of wyn aanwend vir die omsetting daarvan in spiritus nie, behalwe met toestemming van die vereniging.

(2) (a) Geen wynboer mag spiritus of brandewyn wat deur hom van die vereniging verkry is of wat gedistilleer is van wyn wat deur hom geproduseer is of afkomstig is van druiwe wat deur hom gekoop of op 'n ander wyse verkry is, verkoop of op 'n ander wyse van die hand sit nie, behalwe deur of met toestemming van die vereniging.

(b) Geen koöperatiewe vereniging mag spiritus of brandewyn wat gedistilleer is van wyn wat aan hom gelewer is, verkoop of op 'n ander wyse van die hand sit nie, behalwe deur of met toestemming van die vereniging.

[Par. (b) vervang by a. 2 (a) van Wet No. 44 van 1983.]

(3) Every winegrower who sells or otherwise disposes of any spirit or brandy referred to in subsection (2) (a) or any wine to which such spirit or brandy has been added for the purpose of fortification, and every co-operative society which sells or otherwise disposes of any spirit or brandy referred to in subsection (2) (b) or any wine to which such spirit or brandy has been added for the purpose of fortification, shall pay to the vereniging, in respect of the quantity of wine for distillation purposes required to produce such spirit or brandy, levies calculated in the same manner as the levies imposed by the vereniging in terms of its regulations on wine for distillation purposes during the year in which such spirit or brandy or wine is so sold or disposed of: Provided that no levies shall be so payable in respect of such spirit or brandy contained in fortified wine exported from the Republic by such winegrower or co-operative society.

(4) (a) No co-operative society (including the vereniging) and no winegrower shall sell any spirit (including brandy), the produce of the vine, for use in the Republic for drinking purposes or the fortification of wine, at a price less than an amount equivalent to the value of such spirit, calculated at the rate of the fixed minimum price charged by the vereniging to wholesale traders, in the year in which such spirit is sold, for the quantity of wine of a strength of ten per cent of alcohol by volume for distillation purposes which would be required to produce such spirit, plus the cost (to be determined by the vereniging) of distilling such spirit: Provided that in any case where a co-operative society or winegrower desires to sell spirit to a wholesale trader and such co-operative society or winegrower satisfies the vereniging that the Wine and Spirit Board has not approved and certified such spirit as provided for in section 9 and that such trader will be obliged to redistil such spirit in order to obtain such approval and certification, the vereniging may permit the sale of such spirit to such trader on such conditions as the vereniging may determine and at a price which may exclude the cost of distilling such spirit.

[Para. (a) amended by s. 1 of Act No. 47 of 1978 and by s. 32 of Act No. 60 of 1989.]

(b) For the purposes of paragraph (a) the cost of distilling spirit shall include the value of any losses sustained in the ordinary course of the process of distillation and, if such spirit is brandy, in addition to such value, the costs incurred and the value of any losses sustained in the ordinary course of the process of maturation of such brandy, and the expression "strength" shall bear the meaning assigned to it in section 14.

(c) Any dispute as to such price may, with the consent of the Minister, be referred to a board of appeal constituted as provided in section 7.

(5) Every winegrower who sells or otherwise disposes of any wine for distillation purposes which has been derived from grapes, purchased or otherwise acquired by him, and every co-operative society which sells or otherwise disposes of any wine for distillation purposes which has been derived from wine delivered to it, shall pay to the vereniging in respect thereof levies calculated in the same manner as the levies imposed by the vereniging in terms of its regulations on wine for distillation purposes during the year in which such wine is so sold or disposed of.

[Sub-s. (5) substituted by s. 2 (b) of Act No. 44 of 1983.]

(6) The vereniging shall withhold any consent required under subsection (1) (b) or (c) or subsection (2) in the case of a winegrower who or a co-operative society which is not a member of the vereniging, unless that winegrower or co-operative society agrees to be subject, in respect of the act or transaction in relation to which such consent is required, to all the conditions and obligations to which he or such co-operative society, as the case may be, would have been subject if he or such co-operative society were such a member.

(7) Any permit issued under subsection (1) (a) shall expire on the thirty-first day of October next succeeding the date of issue thereof.

(8)

[Sub-s. 8 deleted by s. 2 of Act No. 87 of 1990.]

(3) Elke wynboer wat spiritus of brandewyn bedoel in subartikel (2) (a) of wyn waarby sodanige spiritus of brandewyn gevoeg is vir die doel van versterking, verkoop of op 'n ander wyse van die hand sit, en elke koöperatiewe vereniging wat spiritus of brandewyn bedoel in subartikel (2) (b) of wyn waarby sodanige spiritus of brandewyn gevoeg is vir die doel van versterking, verkoop of op 'n ander wyse van die hand sit, moet, ten opsigte van die hoeveelheid wyn vir distilleringsdoeleindes wat nodig is om daardie spiritus of brandewyn te produseer, aan die vereniging heffings betaal, bereken op dieselfde wyse as die heffings deur die vereniging ingevolge sy regulasies op wyn vir distilleringsdoeleindes gelê gedurende die jaar waarin sodanige spiritus of brandewyn of wyn aldus verkoop of van die hand gesit word: Met dien verstande dat geen heffings aldus betaalbaar is nie ten opsigte van sodanige spiritus of brandewyn wat bevat is in versterkte wyn wat deur sodanige wynboer of koöperatiewe vereniging uit die Republiek uitgevoer word.

(4) (a) Geen koöperatiewe vereniging (met inbegrip van die vereniging) en geen wynboer mag spiritus (met inbegrip van brandewyn), wat die produk van die wingerdstok is, vir gebruik in die Republiek vir drinkdoeleindes of die versterking van wyn, teen 'n laer prys verkoop nie as 'n bedrag gelykstaande met die waarde van sodanige spiritus, bereken teen die vasgestelde minimum prys wat die vereniging in die jaar waarin daardie spiritus verkoop word, groothandelaars vra vir die hoeveelheid wyn van 'n sterkte van tien persent alkohol volgens volume vir distilleringsdoeleindes wat nodig sou wees om daardie spiritus te distilleer, plus die koste (deur die vereniging bepaal te word) om daardie spiritus te distilleer: Met dien verstande dat in 'n geval waar 'n koöperatiewe vereniging of wynboer spiritus aan 'n groothandelaar wil verkoop en daardie koöperatiewe vereniging of wynboer die vereniging oortuig dat die Wyn- en Spiritusraad nie daardie spiritus goedgekeur en gesertifiseer het nie, soos in artikel 9 voorgeskryf, en dat daardie handelaar verplig sal wees om daardie spiritus te herdistilleer ten einde sodanige goedkeuring en sertifisering te verkry, die vereniging die verkoop van daardie spiritus aan daardie handelaar kan toelaat op die voorwaardes deur die vereniging bepaal en teen 'n prys wat die koste van distillering van sodanige spiritus kan uitsluit.

[Par. (a) gewysig by a. 1 van Wet No. 47 van 1978 en by a. 32 van Wet No. 60 van 1989.]

(b) By die toepassing van paragraaf (a) beteken die koste om spiritus te distilleer, ook die waarde van verliese in die gewone loop van die distilleringsproses gely, en, indien sodanige spiritus brandewyn is, benewens sodanige waarde, ook die koste aangegaan en die waarde van verliese gely in die gewone loop van die proses van veroudering van sodanige brandewyn, en het die uitdrukking „sterkte” die betekenis daaraan toegeskryf in artikel 14.

(c) 'n Geskil omtrent sodanige prys kan, met die toestemming van die Minister, verwys word na 'n appèlraad saamgestel soos in artikel 7 bepaal.

(5) Elke wynboer wat wyn vir distilleringsdoeleindes verkoop of op 'n ander wyse van die hand sit wat afkomstig is van druiwe deur hom gekoop of op 'n ander wyse verkry, en elke koöperatiewe vereniging wat wyn vir distilleringsdoeleindes verkoop of op 'n ander wyse van die hand sit wat afkomstig is van wyn aan hom gelewer, moet ten opsigte daarvan aan die vereniging heffings betaal, bereken op dieselfde wyse as die heffings deur die vereniging ingevolge sy regulasies op wyn vir distilleringsdoeleindes gelê gedurende die jaar waarin sodanige wyn aldus verkoop of van die hand gesit word.

[Sub-a. (5) vervang by a. 2 (b) van Wet No. 44 van 1983.]

(6) Die vereniging moet enige kragtens subartikel (1) (b) of (c) of subartikel (2) vereiste toestemming weier in die geval van 'n wynboer of koöperatiewe vereniging wat nie 'n lid van die vereniging is nie, tensy daardie wynboer of koöperatiewe vereniging instem om ten opsigte van die handeling of transaksie met betrekking waartoe bedoelde toestemming vereis word, onderworpe te wees aan al die voorwaardes en verpligtings waaraan hy of sodanige koöperatiewe vereniging, na gelang van die geval, onderworpe sou gewees het as hy of sodanige koöperatiewe vereniging so 'n lid was.

(7) 'n Permit uitgereik kragtens subartikel (1) (a) verval op die een-en-dertigste dag van Oktober na en naaste aan die datum van uitreiking daarvan.

(8)

[Sub-a. (8) geskrap by a. 2 van Wet No. 87 van 1990.]

2A. Registration of premises for the receipt, manufacture or storage of wine.—

(1) No wholesale trader or distiller who receives wine from a winegrower or co-operative society, and no winegrower or co-operative society shall use any premises for the receipt, manufacture or storage of wine for purposes of distillation or conversion into spirit, unless those premises are registered with the vereniging.

[Sub-s. (1) substituted by s. 3 of Act No. 87 of 1990.]

(2) The vereniging shall issue a registration certificate in respect of each registration granted by it under subsection (1).

[S. 2A inserted by s. 3 of Act No. 74 of 1974.]

3. Vereniging to supply wine for distillation in ordinary course of trade.—(1) The vereniging shall, subject to the provisions of subsection (2), on demand supply any wine or any wine of a particular type or grown in a particular locality, which it has in stock or under its control, for the purpose of distillation or conversion into spirit, to any *bona fide* distiller or wholesale trader, association of distillers or wholesale traders or co-operative society in a position to make satisfactory arrangements as regards payment for such wine and willing to take the quantities usually supplied to distillers or wholesale traders.

(2) The vereniging may within fourteen days after receipt of any demand for such wine, refer the matter to the Minister who may, after consideration of any representations made by the vereniging and by the person making such demand, authorize the vereniging to refuse to fulfil that demand or to supply such lesser quantity of wine in fulfilment thereof as the Minister may direct, if he is satisfied that the demand is excessive, having regard to the available supplies, the estimated needs of the trade, the previous purchases of the person making the demand and the estimated requirements of the vereniging.

(3) Save as provided in subsection (4), the vereniging shall not supply or sell spirit or wine intended for distillation purposes—

(a) for use in the Republic, Lesotho, Botswana or Swaziland—

(i) to any person who is not a distiller or wholesale trader or an association of distillers or wholesale traders or a co-operative society; or

(ii) in any quantity which is not a wholesale quantity, in terms *mutatis mutandis* of the definition of “wholesale quantity” in section 14, as determined with reference to the date mentioned in the said definition, except to a co-operative society or to a person who has in the year in which such spirit or wine is so supplied or sold, purchased or acquired or undertaken to purchase or acquire for consumption in the Republic a quantity of spirit or wine, being wine intended for distillation purposes or wine as defined in the said section, which is a wholesale quantity as so defined; or

[Para. (a) amended by s. 1 of Act No. 49 of 1996.]

(b) for use elsewhere in Africa south of the equator (hereinafter referred to as the “territory”), except to a co-operative society or to a person who has in the year in which such spirit or wine is so supplied or sold, purchased or acquired or undertaken to purchase or acquire for consumption in the Republic a quantity of spirit or wine, being wine intended for distillation purposes or wine as defined in section 14, which is a wholesale quantity as so defined: Provided that the Minister may, at any time and subject to such conditions as he may deem fair and equitable in the circumstances, authorize the vereniging to supply or sell spirit or wine intended for distillation purposes for use anywhere in the territory other than in Zimbabwe, Zambia and Malawi to any other person or persons, and he may at any time withdraw such authorization or amend or alter any such conditions as he may deem fit.

[Para. (b) amended by s. 4 (a) of Act No. 87 of 1990.]

2A. Registrasie van persele vir die ontvangs, vervaardiging of opberging van wyn.—(1) Geen groothandelaar of distilleerder wat wyn van 'n wynboer of koöperatiewe vereniging ontvang, en geen wynboer of koöperatiewe vereniging mag enige perseel gebruik vir die ontvangs, vervaardiging of opberging van wyn vir die doeleindes van distillering of omsetting in spiritus nie, tensy daardie perseel by die vereniging geregistreer is.

[Sub-a. (1) vervang deur a. 3 van Wet No. 87 van 1990.]

(2) Die vereniging moet 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van elke registrasie deur hom kragtens subartikel (1) toegestaan, uitreik.

[A. 2A ingevoeg deur a. 3 van Wet No. 74 van 1974.]

3. Vereniging moet wyn vir distillering volgens gewone handelsgebruik verskaf.—

(1) Die vereniging moet, behoudens die bepalings van subartikel (2), op aanvraag wyn, of wyn van 'n besondere tipe of verbou in 'n besondere buurt, wat hy in voorraad of onder sy beheer het, vir distillering of omsetting in spiritus verskaf aan 'n *bona fide* distilleerder of groothandelaar, assosiasie van distilleerders of groothandelaars of koöperatiewe vereniging wat in staat is om bevredigende reëlings ten opsigte van betaling vir die wyn te tref en gewillig is om die hoeveelhede wat gewoonlik aan distilleerders of groothandelaars verskaf word, te neem.

(2) Die vereniging kan binne veertien dae na ontvangs van 'n aanvraag om sodanige wyn, die saak verwys na die Minister, wat na oorweging van vertoë gelewer deur die vereniging en deur die persoon wat die aanvraag doen, die vereniging kan magtig om voldoening aan die aanvraag te weier of om so 'n mindere hoeveelheid wyn ter voldoening daaraan te verskaf as wat die Minister gelas, indien hy oortuig is dat, met die oog op die beskikbare voorrade, die geraamde benodighede van die handel, die vorige aankope van die persoon wat die aanvraag doen, en die geraamde benodighede van die vereniging, die aanvraag buitensporig is.

(3) Behalwe vir sover in subartikel (4) bepaal, mag die vereniging geen spiritus of wyn bestem vir distilleringsdoeleindes—

(a) vir gebruik in die Republiek, Lesotho, Botswana of Swaziland verskaf of verkoop nie—

(i) aan iemand wat nie 'n distilleerder of groothandelaar of 'n vereniging van distilleerders of groothandelaars of 'n koöperatiewe vereniging is nie; of

(ii) in 'n hoeveelheid wat nie 'n groothandelshoeveelheid is nie ingevolge die omskrywing *mutatis mutandis* van „groothandelshoeveelheid” in artikel 14, soos bepaal met verwysing na die datum in daardie omskrywing vermeld, behalwe aan 'n koöperatiewe vereniging of aan iemand wat in die jaar waarin bedoelde spiritus of wyn aldus verskaf of verkoop word, 'n hoeveelheid spiritus of wyn wat wyn bestem vir distilleringsdoeleindes is of wyn is soos in genoemde artikel omskryf, wat 'n groothandelshoeveelheid, soos aldus omskryf, is, vir verbruik in die Republiek aangekoop of verkry het of onderneem het om dit aan te koop of te verkry; of

[Par. (a) gewysig deur a. 1 van Wet No. 49 van 1996.]

(b) vir gebruik elders in Afrika suid van die ewenaar (hieronder die „gebied” genoem) verskaf of verkoop nie, behalwe aan 'n koöperatiewe vereniging of aan iemand wat in die jaar waarin bedoelde spiritus of wyn aldus verskaf of verkoop word, 'n hoeveelheid spiritus of wyn wat wyn bestem vir distilleringsdoeleindes is of wyn is soos in artikel 14 omskryf, wat 'n groothandelshoeveelheid, soos aldus omskryf, is, vir verbruik in die Republiek aangekoop of verkry het of onderneem het om dit aan te koop of te verkry: Met dien verstande dat die Minister, te eniger tyd en onderworpe aan die voorwaardes wat hy in die omstandighede redelik en billik ag, die vereniging kan magtig om spiritus of wyn bestem vir distilleringsdoeleindes te verskaf of te verkoop aan enige ander persoon of persone vir gebruik op enige plek in die gebied, behalwe in Zimbabwe, Zambië en Malawi, en hy kan te eniger tyd sodanige magtiging intrek of enige sodanige voorwaarde wysig of verander soos hy goed ag.

[Par. (b) gewysig deur a. 4 (x) van Wet No. 87 van 1990.]

(4) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, the vereniging may during any year—

- (a) supply to any of its members for his private use, in exchange for wine intended for distillation purposes, or wine as defined in section 14, produced by that member on land in respect of which a permit has been issued to the member in terms of section 2 (1) (a), and delivered to the vereniging, such quantity of liquor products, other than wine, as in the aggregate, together with any quantity of wine supplied to that member during that year under section 17 (2) (a), is equivalent to not more than 40 litres of absolute alcohol;

[Para. (a) substituted by s. 3 (a) of Act No. 44 of 1983 and by s. 4 (b) of Act No. 87 of 1990.]

- (b) supply to any of its members for the fortification of his own product, in exchange for wine intended for distillation purposes produced by that member on land in respect of which a permit has been issued to the member in terms of section 2 (1) (a), and delivered to the vereniging, such a quantity of spirit, not exceeding in the aggregate a quantity equivalent to the quantity of wine so delivered, and on such conditions as may be determined by the vereniging: Provided that if the vereniging is satisfied that a member is in need of spirit for the fortification of his own product and that such member—

- (i) reasonably requires an extension of time to deliver wine in exchange for such spirit, it may supply him with such quantity of spirit as it may deem proper under the circumstances and may allow him a period not exceeding four months to deliver such wine; or
- (ii) is not and shall within the said period of four months not be in a position to deliver a sufficient quantity of wine in exchange for such spirit, it may sell to him such quantity of spirit as it may deem proper in the circumstances; and

[Para. (b) amended by s. 3 (b) of Act No. 44 of 1983 and by s. 2 of Act No. 36 of 1988.]

- (c) sell to any of its employees or directors for his private use liquor products, other than wine.

[Sub-s. (4) amended by s. 2 of Act No. 70 of 1972 and substituted by s. 1 of Act No. 26 of 1975. Para. (c) substituted by s. 3 (c) of Act No. 44 of 1983 and by s. 4 (c) of Act No. 87 of 1990.]

(5) The vereniging shall supply any wine as aforesaid in accordance with the custom of the trade to any such distiller, wholesale trader, association of distillers or wholesaler traders or co-operative society, without differentiation as to price between different purchasers, except that the price for wine purchased for the manufacture of spirit for maturation or denaturation purposes or for the manufacture of vinegar or for use in the preparation or manufacture of medicines or for any non-potable purpose or for export, may differ from the price for wine purchased for the manufacture of spirit for other potable purposes.

(6)

[Sub-s. (6) deleted by s. 4 (d) of Act No. 87 of 1990.]

(7) The Minister shall make known in such manner as he may deem fit the terms of any authorization granted by him under the proviso to subsection (3) (b), the conditions, if any, subject to which such authorization has been granted, any amendment and alteration of such conditions and any withdrawal of such authorization.

4.

[S. 4 repealed by s. 1 of Act No. 63 of 1984.]

continued on page 551

5. Minimum price for wine intended for distillation purposes.—(1) (a) Subject to the approval of the Minister and to the provisions of paragraphs (b) and (c), the vereniging shall in respect of each year determine the fixed minimum price to be charged by it during such year to wholesale traders for wine intended for distillation purposes, and may, in respect of any year, also determine the period within which the purchase price or any portion thereof shall be paid, and the interest or other charges which shall be added to such price in the circumstances so determined.

(b) The vereniging shall—

- (i) on or before the twentieth January of each year submit to the Minister a statement in writing setting forth the minimum price and any period, interest, charges or circumstances it desires to determine in terms of paragraph (a) in respect of that year; and
- (ii) as soon as possible thereafter by notice in the *Gazette* publish particulars thereof and call upon all interested persons to lodge with the Minister in writing, within a period of fourteen days from the date of such notice, any objections which they may have to the minimum price, period, interest, charges or circumstances specified in the notice.

[Para. (b) substituted by s. 5 (a) of Act No. 87 of 1990.]

(c) After considering the objections, if any, lodged with him in pursuance of a notice under paragraph (b) the Minister may approve of the minimum price, period, interest, charges or circumstances in question or call upon the vereniging to submit to him another minimum price, period or interest, or other charges or circumstances, as the case may be, and the Minister may thereupon approve of such other price, period, interest, charges or circumstances.

(d) Any approval by the Minister in terms of this subsection shall forthwith be made known by the Minister by notice in the *Gazette*.

[Para. (d) substituted by s. 5 (b) of Act No. 87 of 1990.]

(e) Different minimum prices may be determined in terms of paragraph (a) in respect of different areas or different classes, types or grades of wine or different grape cultivars, or according as the wine is intended for different purposes.

[Para. (e) added by s. 5 (c) of Act No. 87 of 1990.]

(2) Any minimum price approved by the Minister in terms of subsection (1) in respect of any year shall be deemed to be the minimum price for all the produce of the vine fixed by the vereniging for such year in terms of its regulations and shall be effective for all purposes as if it had been so fixed.

(3) (a) No person licensed to deal in liquor and no distiller (other than the vereniging) shall during any year in respect of which a minimum price has been fixed under subsection (1), acquire wine intended for distillation purposes from any person, and no winegrower or co-operative society shall during any such year dispose of any such wine to any person so licensed or any such distiller, except at a price which is not less than such minimum price.

[Para. (a) substituted by s. 4 (a) of Act No. 74 of 1974.]

(b) Paragraph (a) shall not apply to any acquisition of wine in the ordinary course of dealing between a co-operative society and its members.

(4)

[Sub-s. (4) deleted by s. 4 (b) of Act No. 74 of 1974.]

(5) (a) Every person licensed to deal in liquor and every distiller referred to in subsection (3) (a), who purchases wine intended for distillation purposes from a winegrower or co-operative society shall pay the purchase price to the vereniging which shall deal therewith as provided in its regulations in force from time to time.

5. Minimum prys vir wyn vir destilleringsdoeleindes bestem.—(1) (a) Onderworpe aan die goedkeuring van die Minister en behoudens die bepalings van paragrawe (b) en (c), bepaal die vereniging ten opsigte van elke jaar die vasgestelde minimum prys wat groot-handelaars deur hom in daardie jaar gevra gaan word vir wyn wat vir destilleringsdoeleindes bestem is, en kan die vereniging, ten opsigte van die een of ander jaar, ook die tydperk bepaal waarin die koopprys of 'n gedeelte daarvan betaal moet word, en die rente of ander gelde wat by so 'n prys gevoeg moet word in die omstandighede aldus bepaal.

(b) Die vereniging moet—

- (i) voor of op die twintigste Januarie van elke jaar 'n skriftelike staat aan die Minister voorlê waarin die minimum prys en enige tydperk, rente, gelde of omstandighede wat die vereniging ingevolge paragraaf (a) ten opsigte van daardie jaar wil bepaal, aangegee word; en
- (ii) so spoedig moontlik daarna by kennisgewing in die *Staatskoerant* besonderhede daarvan bekend maak en alle belanghebbendes aansê om besware wat hulle teen die in die kennisgewing vermelde minimum prys, tydperk, rente, gelde of omstandighede het, binne 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van sodanige kennisgewing, skriftelik by die Minister in te lewer.

[Par. (b) vervang by a. 5 (a) van Wet No. 87 van 1990.]

(c) Na oorweging van die besware (indien daar is) ingevolge 'n kennisgewing kragtens paragraaf (b) by hom ingelewer, kan die Minister die betrokke minimum prys, tydperk, rente, gelde of omstandighede goedkeur, of die vereniging aansê om 'n ander minimum prys of tydperk, of ander rente, gelde of omstandighede, na gelang van die geval, aan hom voor te lê, en daarop kan die Minister bedoelde ander prys, tydperk, rente, gelde of omstandighede goedkeur.

(d) Enige goedkeuring ingevolge hierdie subartikel deur die Minister, word on-
verwyld deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend gemaak.

[Par. (d) vervang by a. 5 (b) van Wet No. 87 van 1990.]

(e) Verskillende minimum pryse kan ingevolge paragraaf (a) vasgestel word ten opsigte van verskillende gebiede of verskillende klasse, tipes of grade wyn of verskillende druifcultivars of na gelang die wyn vir verskillende doeleindes bestem is.

[Par. (e) bygevoeg by a. 5 (c) van Wet No. 87 van 1990.]

(2) 'n Minimum prys deur die Minister ingevolge subartikel (1) ten opsigte van die een of ander jaar goedgekeur, word geag die minimum prys vir al die produkte van die wingerdstok te wees wat deur die vereniging vir sodanige jaar ingevolge sy regulasies bepaal is, en is vir alle doeleindes van krag asof dit aldus vasgestel is.

(3) (a) Niemand wat gelisensieer is om in drank handel te dryf en geen distilleerder (behalwe die vereniging) mag gedurende 'n jaar ten opsigte waarvan kragtens subartikel (1) 'n minimum prys bepaal is, wyn vir destilleringsdoeleindes bestem van iemand verkry nie, en geen wynboer of koöperatiewe vereniging mag gedurende so 'n jaar sodanige wyn aan iemand wat aldus gelisensieer is of so 'n distilleerder van die hand sit nie, behalwe teen 'n prys wat nie laer as daardie minimum prys is nie.

[Par. (a) vervang by a. 4 (a) van Wet No. 74 van 1974.]

(b) Paragraaf (a) is nie van toepassing nie op die verkryging van wyn in die gewone loop van sake tussen 'n koöperatiewe vereniging en sy lede.

(4)

[Sub-a. (4) geskrap by a. 4 (b) van Wet No. 74 van 1974.]

(5) (a) Iedereen wat gelisensieer is om in drank handel te dryf en elke distilleerder bedoel in subartikel (3) (a), wat wyn vir destilleringsdoeleindes bestem van 'n wynboer of koöperatiewe vereniging koop, moet die koopprys aan die vereniging betaal, wat daarmee handel soos bepaal word in sy regulasies wat van tyd tot tyd van krag is.

(b) Paragraph (a) shall not apply to any acquisition of wine in the ordinary course of dealing between a co-operative society and its members.

(6) For the purposes of subsection (3) (a) the expression "minimum price" shall include any such price as increased by the addition of any interest or other charges determined in terms of subsection (1).

[Sub-s. (6) amended by s. 4 (c) of Act No. 74 of 1974.]

(7)

[Sub-s. (7) deleted by s. 5 (d) of Act No. 87 of 1990.]

5A. Prohibition of the purchase and sale of wine and spirit, except in pursuance of a written contract of purchase and sale.—(1) No person licensed to deal in liquor and no distiller shall purchase or otherwise acquire wine for distillation purposes, or spirit (including brandy) manufactured from the produce of the vine, from a winegrower or co-operative society, and no winegrower or co-operative society shall sell or otherwise dispose of such wine or spirit to any person so licensed or any distiller, except in pursuance of a written contract of purchase and sale.

(2) The provisions of subsection (1) shall not apply to the purchase, acquisition, sale or disposal of such wine or spirit—

(a) by or to the vereniging; or

(b) in the ordinary course of dealing between a co-operative society and its members.

(3)

[S. 5A inserted by s. 5 of Act No. 74 of 1974. Sub-s. (3) deleted by s. 6 of Act No. 87 of 1990.]

6. Prohibition of acquisition of wine by winegrower from another winegrower.—(1) (a) No winegrower or co-operative society shall acquire any wine intended for distillation purposes from any winegrower or co-operative society.

(b) No person licensed to deal in liquor and no distiller shall acquire any grapes, grape juice, moskonfy, raisins or sultanas intended for distillation purposes, from any winegrower or co-operative society.

[Para. (b) added by s. 6 of Act No. 74 of 1974.]

(2) Subsection (1) shall not apply to any acquisition of wine in the ordinary course of dealing between a co-operative society and its members or to any acquisition of wine by the vereniging.

(3)

[Sub-s. (3) deleted by s. 7 of Act No. 87 of 1990.]

7. Appeals.—(1) Any person whose interests are affected by any decision of the vereniging under this Chapter, other than a decision under section 5, may, with the consent of the Minister, appeal against that decision to a board of appeal consisting of three members to be appointed by the Minister, and of whom—

(a) one shall be nominated by the appellant;

(b) one shall be nominated by the vereniging, and

(c) one, who shall be chairman of the board, shall be nominated by the Minister.

(2) Whenever the Minister has consented to an appeal under subsection (1), he shall—

(a) by notice in writing advise the appellant accordingly and call upon him to nominate, within a period specified in the notice, not being less than seven days after the date thereof, the member referred to in paragraph (a) of that subsection; and

(b) by like notice simultaneously call upon the vereniging to nominate within the aforesaid period, the member referred to in paragraph (b) of that subsection.

(b) Paragraaf (a) is nie van toepassing nie op die verkryging van wyn in die gewone loop van sake tussen 'n koöperatiewe vereniging en sy lede.

(6) By die toepassing van subartikel (3) (a) beteken die uitdrukking „minimum prys” ook so 'n prys soos verhoog deur die byvoeging van ingevolge subartikel (1) bepaalde rente of ander gelde.

[Sub-a. (6) gewysig by a. 4 (c) van Wet No. 74 van 1974.]

(7)

[Sub-a. (7) geskrap by a. 5 (d) van Wet No. 87 van 1990.]

5A. Verbod op die koop en verkoop van wyn en spiritus, behalwe ingevolge 'n skriftelike koopkontrak.—(1) Niemand wat gelisensieer is om in drank handel te dryf en geen distilleerder mag wyn vir distilleringsdoeleindes, of spiritus (met inbegrip van brandewyn) wat uit die produk van die wingerdstok vervaardig is, van 'n wynboer of koöperatiewe vereniging koop of andersins verkry nie, en geen wynboer of koöperatiewe vereniging mag sodanige wyn of spiritus aan iemand wat aldus gelisensieer is of 'n distilleerder verkoop of andersins van die hand sit nie, behalwe ingevolge 'n skriftelike koopkontrak.

(2) Die bepaling van subartikel (1) is nie van toepassing nie op die koop, verkryging, verkoop of vandiehandsetting van sodanige wyn of spiritus—

(a) deur of aan die vereniging; of

(b) in die gewone loop van sake tussen 'n koöperatiewe vereniging en sy lede.

(3)

[A. 5A ingevoeg by a. 5 van Wet No. 74 van 1974. Sub-a. (3) geskrap by a. 6 van Wet No. 87 van 1990.]

6. Verbod op verkryging van wyn deur wynboer van ander wynboer.—(1) (a) Geen wynboer of koöperatiewe vereniging mag wyn vir distilleringsdoeleindes bestem van 'n wynboer of koöperatiewe vereniging verkry nie.

(b) Niemand wat gelisensieer is om in drank handel te dryf en geen distilleerder mag druiwe, druiwesap, moskonfyt, rosyne of sultanas vir distilleringsdoeleindes bestem, van 'n wynboer of koöperatiewe vereniging verkry nie.

[Par. (b) bygevoeg by a. 6 van Wet No. 74 van 1974.]

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op die verkryging van wyn in die gewone loop van sake tussen 'n koöperatiewe vereniging en sy lede of op verkryging van wyn deur die vereniging.

(3)

[Sub-a. (3) geskrap by a. 7 van Wet No. 87 van 1990.]

7. Appèl.—(1) Iemand wie se belange geraak word deur 'n beslissing van die vereniging kragtens hierdie Hoofstuk, behalwe 'n beslissing kragtens artikel 5, kan, met die toestemming van die Minister, teen so 'n beslissing appelleer na 'n appèlraad wat bestaan uit drie lede, deur die Minister aangestel, van wie—

(a) een deur die appellant genomineer word;

(b) een deur die vereniging genomineer word; en

(c) een, wat die voorsitter van die raad is, deur die Minister genomineer word.

(2) Wanneer die Minister tot 'n appèl kragtens subartikel (1) toegestem het, moet hy—

(a) die appellant by skriftelike kennisgewing dienooreenkomstig verwittig en hom aansê om binne 'n in die kennisgewing vermelde tydperk, maar minstens sewe dae na die datum daarvan, die in paragraaf (a) van daardie subartikel bedoelde lid te nomineer; en

(b) gelyktydig by dergelike kennisgewing die vereniging aansê om binne voorvermelde tydperk die in paragraaf (b) van daardie subartikel bedoelde lid te nomineer.

(3) If the appellant fails within the period specified in any notice to him under subsection (2) to advise the Minister of the name and address of the person nominated by him in pursuance of that notice, the appeal shall lapse.

(4) If the vereniging fails within the period specified in any notice to it under subsection (2) to advise the Minister of the name and address of the person nominated by it in pursuance of that notice, the Minister shall himself nominate a person, being either a director or an official of the vereniging, to be a member of the board in the stead of the person whom the vereniging should have nominated.

(5) The Minister may at any time appoint any person as an alternate to any member of the board, or cancel the appointment of any such alternate and appoint another person in his stead, and any alternate so appointed may attend any meeting of the board and shall, in the absence of the member as whose alternate he has been appointed, act in the place of that member.

(6) The first meeting of the board shall be held at a time and place to be determined by the Minister, and all subsequent meetings of the board shall be held at such times and places as the chairman may determine.

(7) The quorum for any meeting of the board shall be all the members thereof, and the decision of a majority of the members of the board shall be the decision of the board.

(8) The decision of the board, including any decision as to the costs of any appeal, together with the grounds for such decision, shall be reduced to writing, and copies thereof shall be lodged with the Minister, the appellant and the vereniging, and such decision shall be binding on the appellant and the vereniging.

[Sub-s. (8) substituted by s. 43 of Act No. 88 of 1996.]

(9) For the purposes of subsection (7) "member" includes an alternate of any member attending a meeting of the board in the absence of that member.

8. Appeal on question of alleged unfair dealing or unjust treatment.—Whenever, in respect of any agreement between the vereniging and any distiller, wholesale trader or association of distillers or wholesale traders, it is alleged by either party that any transaction or arrangement entered into by either party with a third party constitutes unfair dealing or unjust treatment, such aggrieved party may, with the consent of the Minister, appeal to a board of appeal constituted as provided in section 7.

9. Disposal of spirit for potable purposes in Republic.—(1) No person shall for potable purposes in the Republic sell or otherwise dispose of any spirit manufactured in the Republic from the produce of the vine (except for redistillation or rectification), unless such spirit—

(a) is pot still brandy which—

(i) has been distilled in a pot still under excise supervision, at not higher than 75 per cent of alcohol by volume, wholly from pure wine, the produce of fresh grapes, and which wine complies with the standards laid down by the Wine and Spirit Board with the approval of the Minister and published in the *Gazette*; and

[Sub-para. (i) amended by s. 32 of Act No. 60 of 1989.]

(ii) has been approved by the Wine and Spirit Board and certified by it to be brandy manufactured solely from wine; and

[Sub-para. (ii) amended by s. 32 of Act No. 60 of 1989.]

(iii) has been matured by storage for a period of not less than three years, in a warehouse in wood approved by the Commissioner for Customs and Excise or any person authorized thereto in writing by him; or

(b) is brandy which is a blend of not less than 30 per cent (calculated on the basis of absolute alcohol) of pot still brandy described in paragraph (a) and not more than 70 per cent (calculated on the basis of absolute alcohol)—

(3) Indien die appellant versuim om, binne die tydperk vermeld in 'n kennisgewing aan hom kragtens subartikel (2), die Minister in kennis te stel van die naam en adres van die persoon ingevolge daardie kennisgewing deur hom genomineer, verval die appèl.

(4) Indien die vereniging versuim om, binne die tydperk vermeld in 'n kennisgewing aan hom kragtens subartikel (2), die Minister in kennis te stel van die naam en adres van die persoon ingevolge daardie kennisgewing deur hom genomineer, moet die Minister self iemand wat óf 'n direkteur óf 'n beampte van die vereniging is, nomineer om lid van die raad te wees in die plek van die persoon wat die vereniging moes genomineer het.

(5) Die Minister kan te eniger tyd iemand as 'n plaasvervanger van 'n lid van die raad aanstel, of die aanstelling van so 'n plaasvervanger intrek en iemand anders in sy plek aanstel, en 'n aldus aangestelde plaasvervanger kan enige vergadering van die raad bywoon en, by afwesigheid van die lid vir wie hy as plaasvervanger aangestel is, optree in die plek van daardie lid.

(6) Die eerste vergadering van die raad word gehou op 'n tyd en plek wat die Minister bepaal, en alle daaropvolgende vergaderings van die raad word gehou op die tye en plekke wat die voorsitter bepaal.

(7) Die kworum vir 'n raadsvergadering is al die lede van die raad, en die beslissing van 'n meerderheid van die raadslede maak 'n besluit van die raad uit.

(8) Die beslissing van die raad, met inbegrip van 'n beslissing aangaande die koste van 'n appèl, tesame met die gronde vir so 'n beslissing, moet op skrif gestel word, en afskrifte daarvan moet aan die Minister, die appellant en die vereniging besorg word, en so 'n beslissing is bindend vir die appellant en die vereniging.

[Sub-a. (8) vervang deur a. 43 van Wet No. 88 van 1996.]

(9) By die toepassing van subartikel (7) beteken „lid” ook 'n plaasvervanger van 'n lid wat in die afwesigheid van daardie lid 'n vergadering van die raad bywoon.

8. Appèl op grond van beweerde onbillike handelwyse of onregverdige behandeling.—Wanneer ten opsigte van 'n ooreenkoms tussen die vereniging en 'n distilleerder, groothandelaar of vereniging van distilleerders of groothandelaars, deur die een of die ander party beweer word dat 'n transaksie of reëling deur die een of die ander party met 'n derde party aangegaan, 'n onbillike handelwyse of onregverdige behandeling uitmaak, kan so 'n beswaarde party, met toestemming van die Minister, appelleer na 'n appèlraad saamgestel soos in artikel 7 bepaal.

9. Vandiehandsetting van spiritus vir drinkdoeleindes in Republiek.—(1) Niemand mag spiritus wat in die Republiek uit die produk van die wingerdstok vervaardig is, verkoop of andersins van die hand sit vir drinkdoeleindes in die Republiek nie (behalwe om herdistilleer of gerektifiseer te word), tensy daardie spiritus—

(a) potketelbrandewyn is wat—

(i) in 'n potketel onder aksynstoesig by hoogstens 75 persent alkohol volgens volume gedistilleer is, geheel en al van suiwer wyn, die produk van vars druiwe, en welke wyn voldoen aan die standaard wat deur die Wyn- en Spiritusraad met die goedkeuring van die Minister bepaal en in die *Staatskoerant* gepubliseer is; en

[Subpar. (i) gewysig deur a. 32 van Wet No. 60 van 1989.]

(ii) deur die Wyn- en Spiritusraad goedgekeur is en deur hom as brandewyn uitsluitlik van wyn vervaardig, gesertifiseer is; en

[Subpar. (ii) gewysig deur a. 32 van Wet No. 60 van 1989.]

(iii) vir 'n tydperk van minstens drie jaar deur opberging verouder is in 'n pakhuis in hout wat deur die Kommissaris van Doeane en Aksyns of 'n skriftelik deur hom daartoe gemagtigde persoon goedgekeur is; of

(b) brandewyn is wat bestaan uit 'n mengsel van minstens 30 persent (bereken op die grondslag van absolute alkohol) potketelbrandewyn in paragraaf (a) beskryf en hoogstens 70 persent (bereken op die grondslag van absolute alkohol)—

- (i) of wine spirit which has been distilled from pure wine, the produce of fresh grapes, at not lower than 95 per cent of alcohol by volume and which has been approved by the Wine and Spirit Board and certified by it to be spirit manufactured solely from wine; or
[Sub-para. (i) amended by s. 32 of Act No. 60 of 1989.]
 - (ii) of grape spirit described in paragraph (e); or
 - (iii) wine spirit described in paragraph (d); or
 - (c) is wine spirit described in paragraph (b) (i) and is a gin, vodka or a liqueur or is intended for use—
 - (i) by a blender for purposes of blending in accordance with paragraph (b); or
 - (ii) in the fortification of wine or in the manufacture of gin, vodka, or liqueur; or
 - (d) has been distilled at not lower than 60 and not higher than 92 per cent of alcohol by volume from pure wine, the produce of fresh grapes, and has been approved by the Wine and Spirit Board and certified by it to be spirit manufactured solely from wine, and is a liqueur or intended for use—
 - (i) by a blender for purposes of blending in accordance with paragraph (b); or
 - (ii) in the fortification of wine; or
 - (iii) in the manufacture of liqueur; or[Para. (d) amended by s. 32 of Act No. 60 of 1989.]
 - (e) is grape spirit—
 - (i) which has been distilled under excise supervision at not lower than 75 and not higher than 92 per cent of alcohol by volume in a continuous still prescribed by regulation, wholly from pure wine, the produce of fresh grapes, and which complies with the standards laid down by the Wine and Spirit Board with the approval of the Minister and published in the *Gazette*; and
[Sub-para. (i) amended by s. 32 of Act No. 60 of 1989.]
 - (ii) which has been approved by the Wine and Spirit Board and certified by it to be spirit manufactured solely from wine; or
[Sub-para. (ii) amended by s. 32 of Act No. 60 of 1989 and by s. 8 (a) of Act No. 87 of 1990.]
 - (iii)
[Sub-para. (iii) deleted by s. 8 (a) of Act No. 87 of 1990.]
 - (f) has been approved by the Wine and Spirit Board and is intended for the purposes authorized from time to time by the Minister with the concurrence of the *vereniging*.
[Para. (f) amended by s. 32 of Act No. 60 of 1989.]
- (2) (a) The Wine and Spirit Board may with the approval of the Minister from time to time prescribe and publish in the *Gazette* certain requirements with which any spirit referred to in subsection (1) shall comply.
[Para. (a) amended by s. 32 of Act No. 60 of 1989.]
- (b) Such requirements may vary according to the method of distillation or alcohol content of such spirit or the purposes for which it may be intended.
- (3)
[S. 9 substituted by s. 3 of Act No. 70 of 1972, amended by s. 7 of Act No. 74 of 1974, substituted by s. 2 of Act No. 87 of 1980. Sub-s. (3) deleted by s. 8 (b) of Act No. 87 of 1990.]

10.
[S. 10 repealed by s. 8 of Act No. 74 of 1974.]

- (i) wynspiritus wat gedistilleer is uit suiwer wyn, die produk van vars druiwe, by minstens 95 persent alkohol volgens volume en wat deur die Wyn- en Spiritusraad goedgekeur is en deur hom as spiritus uitsluitlik van wyn vervaardig, gesertifiseer is; of
[Subpar. (i) gewysig by a. 32 van Wet No. 60 van 1989.]
 - (ii) druifspiritus in paragraaf (e) beskryf; of
 - (iii) wynspiritus in paragraaf (d) beskryf; of
 - (c) wynspiritus is in paragraaf (b) (i) beskryf en 'n jenewer, wodka of 'n likeur is of bestem is vir gebruik—
 - (i) deur 'n menger vir doeleindes van vermenging ooreenkomstig paragraaf (b); of
 - (ii) vir die versterking van wyn of vir die vervaardiging van jenewer, wodka of likeur; of
 - (d) by minstens 60 en hoogstens 92 persent alkohol volgens volume uit suiwer wyn, die produk van vars druiwe, gedistilleer en deur die Wyn- en Spiritusraad goedgekeur is en deur hom as spiritus uitsluitlik van wyn vervaardig, gesertifiseer is en 'n likeur is of bestem is vir gebruik—
 - (i) deur 'n menger vir doeleindes van vermenging ooreenkomstig paragraaf (b); of
 - (ii) vir die versterking van wyn; of
 - (iii) vir die vervaardiging van likeur; of
[Par. (d) gewysig by a. 32 van Wet No. 60 van 1989.]
 - (e) druifspiritus is—
 - (i) wat in 'n kontinuestookketel soos by regulasie voorgeskryf onder aksynstoesig by minstens 75 en hoogstens 92 persent alkohol volgens volume gedistilleer is, geheel en al van suiwer wyn, die produk van vars druiwe, en wat voldoen aan die standaard wat deur die Wyn- en Spiritusraad met die goedkeuring van die Minister bepaal en in die *Staatskoerant* gepubliseer is; en
[Subpar. (i) gewysig by a. 32 van Wet No. 60 van 1989.]
 - (ii) wat deur die Wyn- en Spiritusraad goedgekeur is en deur hom as spiritus uitsluitlik van wyn vervaardig, gesertifiseer is; of
[Subpar. (ii) gewysig by a. 32 van Wet No. 60 van 1989 en by a. 8 (a) van Wet No. 87 van 1990.]
 - (iii)
[Subpar. (iii) geskrap by a. 8 (a) van wet No. 87 van 1990.]
 - (f) deur die Wyn- en Spiritusraad goedgekeur is en bestem is vir die doeleindes wat die Minister van tyd tot tyd met die instemming van die vereniging magtig.
[Par. (f) gewysig by a. 32 van Wet No. 60 van 1989.]
- (2) (a) Die Wyn- en Spiritusraad kan met die goedkeuring van die Minister van tyd tot tyd vereistes voorskryf waaraan enige spiritus in subartikel (1) bedoel, moet voldoen, en genoemde vereistes in die *Staatskoerant* publiseer.
[Par. (a) gewysig by a. 32 van Wet No. 60 van 1989.]
- (b) Sodanige vereistes kan verskil ooreenkomstig die wyse van distillering of alkohol-inhoud van sodanige spiritus of die doeleindes waarvoor dit bestem is.
- (3)
[A. 9 vervang by a. 3 van Wet No. 70 van 1972, gewysig by a. 7 van Wet No. 74 van 1974 en vervang by a. 2 van Wet No. 87 van 1980. Sub-a. (3) geskrap by a. 8 (b) van Wet No. 87 van 1990.]

10.

[A. 10 herroep by a. 8 van Wet No. 74 van 1974.]

11. Regulations.—(1) The Minister may make regulations prescribing—
- (a) the records to be kept for the effective carrying out of the provisions of this Chapter, the persons or classes of persons by whom, and the form in which, any record so prescribed shall be kept, and the period for which any such record shall be retained;
 - (b) the returns and other information to be rendered to the vereniging or any other person specified in such regulations, and the person or classes of persons by whom, the form on which, the times at which, and the manner in which, any return or other information so prescribed shall be rendered as aforesaid;
 - (c) the form on which, the times at which, and the manner in which any application for a permit under any provision of this Chapter is to be made, the requirements to be complied with before any such permit is issued, the form of any such permit, and the conditions subject to which any such permit may be issued;
 - (d) the form on which, the times at which, and the manner in which any application for the consent of the vereniging under any provision of this Chapter is to be made, the requirements to be complied with before any such consent is granted, and the manner in which, and conditions subject to which, any such consent may be granted;
 - (e) the form on which, the times at which, and the manner in which any application for the registration of premises referred to in section 2A is to be made, the requirements to be complied with before any such registration is granted, the form of the registration certificate referred to in that section, and the conditions subject to which any such certificate may be issued, including conditions relating to the fustage, tanks and other apparatus that may be used on any such premises for the manufacture or storage of wine;
 - (f) the form on which and the manner in which any application for the amendment or withdrawal of a condition imposed by the vereniging is to be made;
 - (g) the form of a written contract of purchase and sale referred to in section 5A, the conditions to be incorporated in such a contract, the date on which the validity of such a contract shall expire, the number of copies of any such contract to be submitted to the vereniging, and the period within which and persons by whom the said copies shall be so submitted;
 - (h) the conditions subject to which and the circumstances under which any winegrower or co-operative society may produce or manufacture wine and spirit derived from wine, or remove wine or such spirit from the premises where it was produced, manufactured or stored, or receive wine or such spirit back on the premises where it was produced, manufactured or previously stored, or sell or otherwise dispose of or destroy wine or such spirit;
 - (i) the conditions subject to which and circumstances under which any distiller or any person licensed to deal in liquor may receive, store, manufacture, remove or sell or otherwise dispose of wine, spirit or brandy;
 - (j) the procedure for obtaining the consent of the Minister under section 7 and for the noting and prosecution of any appeal under that section, and the remuneration and allowances of the members of any board of appeal appointed under that section;
 - (k) the circumstances under which the vereniging, on such conditions as the vereniging may determine, may exempt any person from compliance with any prohibition or requirement contained in any regulation made under this section;
 - (l) generally all matters which he deems necessary or expedient to prescribe for the better carrying out of the provisions of this Chapter.

11. **Regulasies.**—(1) Die Minister kan regulasies uitvaardig waarby voorgeskryf word—
- (a) die aantekeninge wat vir die doeltreffende uitvoering van die bepalings van hierdie Hoofstuk gehou moet word, die persone of klasse van persone deur wie, en die vorm waarin, 'n aldus voorgeskrewe aantekening gehou moet word, en die tydperk waarvoor so 'n aantekening behou moet word;
 - (b) die opgawes en ander inligting wat aan die vereniging of 'n ander persoon in die regulasies vermeld, verstrekk moet word, en die persone of klasse van persone deur wie, die vorm waarop, die tye wanneer, en die wyse waarop, 'n opgawe of ander inligting aldus voorgeskryf, soos voormeld verstrekk moet word;
 - (c) die vorm waarop, die tye wanneer, en die wyse waarop 'n aansoek om 'n permit kragtens 'n bepaling van hierdie Hoofstuk gedoen moet word, die vereistes waaraan voldoen moet word alvorens so 'n permit uitgereik word, die vorm van so 'n permit, en die voorwaardes onderworpe waaraan so 'n permit uitgereik kan word;
 - (d) die vorm waarop, die tye wanneer, en die wyse waarop 'n aansoek om die vereniging se toestemming kragtens 'n bepaling van hierdie Hoofstuk gedoen moet word, die vereistes waaraan voldoen moet word alvorens sodanige toestemming verleen word, en die wyse waarop en voorwaardes onderworpe waaraan sodanige toestemming verleen kan word;
 - (e) die vorm waarop, die tye wanneer, en die wyse waarop 'n aansoek om die registrasie van 'n in artikel 2A bedoelde perseel gedoen moet word, die vereistes waaraan voldoen moet word alvorens so 'n registrasie toegestaan word, die vorm van die in daardie artikel bedoelde registrasiesertifikaat, en die voorwaardes onderworpe waaraan so 'n registrasiesertifikaat uitgereik kan word, met inbegrip van voorwaardes betreffende die vatwerk, tenks en ander apparaat wat op so 'n perseel vir die vervaardiging of opberging van wyn gebruik mag word;
 - (f) die vorm en wyse waarop 'n aansoek om die wysiging of intrekking van 'n voorwaarde deur die vereniging opgelê, gedoen moet word;
 - (g) die vorm van 'n in artikel 5A bedoelde skriftelik koopkontrak, die voorwaardes wat in so 'n kontrak opgeneem moet word, die datum waarop die geldigheid van so 'n kontrak verstryk, die aantal kopieë van so 'n kontrak wat aan die vereniging voorgelê moet word, en die tydperk waarbinne en persone deur die bedoelde kopieë aldus voorgelê moet word;
 - (h) die voorwaardes waarop en omstandighede waaronder 'n wynboer of koöperatiewe vereniging wyn en spiritus van wyn afkomstig, mag produseer of vervaardig, of wyn of sodanige spiritus mag verwyder van die perseel waar dit geproduseer, vervaardig of opgeberg is, of wyn of sodanige spiritus mag terugontvang op die perseel waar dit geproduseer, vervaardig of voorheen opgeberg was, of wyn of sodanige spiritus mag verkoop of andersins van die hand mag sit of mag vernietig;
 - (i) die voorwaardes waarop en omstandighede waaronder 'n distilleerder of 'n persoon wat gelisensieer is om in drank handel te dryf wyn, spiritus of brandewyn mag ontvang, opberg, vervaardig, verwyder of verkoop of andersins van die hand mag sit;
 - (j) die prosedure ter verkryging van die toestemming van die Minister kragtens artikel 7 en vir die aantekening en voortsetting van 'n appèl kragtens daardie artikel, en die besoldiging en toelaes van die lede van 'n kragtens daardie aangestelde appèlraad;
 - (k) die omstandighede waaronder die vereniging, op die voorwaardes wat die vereniging bepaal, iemand kan vrystel van nakoming van 'n verbod of voorskryf vervat in 'n regulasie kragtens hierdie artikel uitgevaardig;
 - (l) in die algemeen, alle aangeleenthede wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf vir die doeltreffender uitvoering van die bepalings van hierdie Hoofstuk.

- (2) Different regulations may be made under subsection (1)—
- (a) in respect of different classes of persons;
 - (b) in respect of different kinds of wine or wine intended for different purposes;
 - (c) in respect of different areas.

- (3) Regulations made under subsection (1) may relate to—
- (a) a defined class of persons only;
 - (b) a defined kind of wine or wine intended for defined purposes only;
 - (c) a defined area only.

(4) Regulations made under subsection (1) may prescribe a fine not exceeding two thousand rand or imprisonment for a period not exceeding six months or both such fine and such imprisonment, as penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith.

[S. 11 substituted by s. 9 (1) of Act No. 74 of 1974. Sub-s. (4) substituted by s. 9 of Act No. 87 of 1990.]

12.

S. 12 amended by s. 10 of Act No. 74 of 1974 and repealed by s. 10 of Act No. 87 of 1990.]

13. **Limitation of application of Chapter in respect of certain districts.**—The Minister may by notice in the *Gazette* declare that the provisions of this Chapter shall not apply in any district named in such notice, if he is satisfied, having regard to the geographical position of such district, that the exemption will not substantially affect the objects and purposes of this Chapter, and may by like notice repeal or amend any such notice.

[S. 13 amended by ss. 46 and 47 of Act No. 97 of 1986.]

CHAPTER II

WINE NOT INTENDED FOR DISTILLATION PURPOSES

14. **Definitions.**—(1) In this Chapter, unless the context otherwise indicates—

“bottler” means any person who conducts, effects or carries on the filtration, stabilization or bottling of wine or any similar service, but excluding—

- (i) a person licensed to deal in liquor;
- (ii) a distiller;
- (iii) a winegrower; or
- (iv) a co-operative society;

[Definition of “bottler” inserted by s. 11 (a) of Act No. 87 of 1990.]

“in bulk”, in relation to wine, means wine which is not in a container or containers with a capacity of five litres or less;

[Definition of “in bulk” inserted by s. 3 of Act No. 36 of 1988.]

“levy” in relation to wine (as defined in section 1) intended for distillation purposes, includes any levy by the vereniging towards the fund known as the “surplus contribution” referred to in section 4;

continued on page 561

- (2) Verskillende regulasies kan kragtens subartikel (1) uitgevaardig word—
- (a) met betrekking tot verskillende klasse van persone;
 - (b) met betrekking tot verskillende soorte wyn of wyn bestem vir verskillende doeleindes;
 - (c) met betrekking tot verskillende gebiede.
- (3) Regulasies kragtens subartikel (1) uitgevaardig, kan betrekking hê—
- (a) slegs op 'n omskrewe klas van persone;
 - (b) slegs op 'n omskrewe soort wyn of op wyn bestem vir omskrewe doeleindes;
 - (c) slegs op 'n omskrewe gebied.
- (4) Regulasies kragtens subartikel (1) uitgevaardig, kan 'n boete van hoogstens tweeduusend rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf voorskryf as strawwe vir 'n oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen.
- [A. 11 vervang by a. 9 (1) van Wet No. 74 van 1974. Sub-a. (4) vervang by a. 9 van Wet No. 87 van 1990.]

12.

[A. 12 gewysig by a. 10 van Wet No. 74 van 1974 en herroep by a. 10 van Wet No. 87 van 1990.]

13. **Beperking van toepassing van Hoofstuk ten opsigte van sekere distrikte.**—Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat die bepalings van hierdie Hoofstuk nie in 'n distrik in daardie kennisgewing genoem, van toepassing is nie, indien hy met die oog op die geografiese ligging van daardie distrik oortuig is dat die vrystelling die oogmerke en doelstellings van hierdie Hoofstuk nie weselik sal beïnvloed nie, en kan so 'n kennisgewing by dergelike kennisgewing herroep of wysig.

[A. 13 gewysig by aa. 46 en 47 van Wet No. 97 van 1986.]

HOOFSTUK II

WYN NIE VIR DISTILLERINGSDOELEINDES BESTEM NIE

14. **Woordomskrywing.**—(1) Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Hoofstuk—

„botteleerder” iemand wat die filtrasie, stabilisasie of bottelering van wyn of enige soortgelyke diens uitvoer, bewerkstellig of bedryf, maar nie ook nie—

- (i) iemand wat gelisensieer is om in drank handel te dryf;
- (ii) 'n distilleerder;
- (iii) 'n wynboer; of
- (iv) 'n koöperatiewe vereniging;

[Omskrywing van „botteleerder” ingevoeg by a. 11 (a) van Wet No. 87 van 1990.]

„groothandelshoeveelheid”, met betrekking tot iemand wat op 1 November 1940 geregig was om in wyn handel te dryf, en behoudens die bepalings van subartikel (2), minstens 'n hoeveelheid wyn gelykstaande met 1 600 hektoliter van 'n sterkte van tien persent alkohol volgens volume, en met betrekking tot iemand wat nie aldus geregig was nie, minstens dubbel daardie hoeveelheid;

[Omskrywing van „groothandelshoeveelheid” vervang by a. 4 (a) van Wet No. 70 van 1972 en by a. 3 (a) van Wet No. 87 van 1980.]

„heffing”, met betrekking tot wyn (soos in artikel 1 omskryf) bestem vir distilleringdoeleindes, ook 'n heffing deur die vereniging ten bate van die fonds wat die „surplus bydrae” heet en in artikel 4 bedoel word;

vervolg op bladsy 562

“minimum price” includes, in the case of a minimum price fixed under section 18, any such price as increased by the addition of any amount, surcharge, storage charges, interest or other charges under the said section;

[Definition of “minimum price” substituted by s. 11 (a) of Act No. 74 of 1974.]

“quality price”

[Definition of “quality price” substituted by s. 11 (b) of Act No. 74 of 1974 and deleted by s. 11 of Act No. 87 of 1990.]

“strength”, in relation to wine, means the percentage of alcohol by volume therein, plus the potential alcohol in such wine represented by the sugar contained therein, expressed as a percentage of alcohol by volume;

[Definition of “strength” substituted by s. 4 (a) of Act No. 70 of 1972 and by s. 3 (a) of Act No. 87 of 1980.]

“wholesale quantity” means, in relation to any person entitled to deal in wine on 1 November 1940, and subject to the provisions of subsection (2), a quantity of wine not less than the equivalent of 1 600 hectolitres of a strength of ten per cent of alcohol by volume, and in relation to any person not so entitled, not less than double that quantity;

[Definition of “wholesale quantity” substituted by s. 4 (b) of Act No. 70 of 1972 and by s. 3 (b) of Act No. 87 of 1980.]

“wine”—

- (a) means wine of any description, the produce of vines in the Republic, not intended for distillation purposes; and
- (b) includes must, grapes, grape juice, moskonfyt, raisins, sultanas and lees of wine, intended for use for or in the making of such wine;

“year” means any period commencing on first February in any year and ending on thirty-first January in the following year;

and any expression not defined in this Chapter, to which in Chapter I a meaning has been assigned, bears *mutatis mutandis* the same meaning.

(2) In the definition of “wholesale quantity” in subsection (1), “wine” includes, in addition to wine as defined in the said subsection, wine (as defined in section 1) intended for distillation purposes and spirit: Provided that in the case of spirit, the quantity thereof shall for the purposes of the said definition be deemed to be the quantity of wine of a strength of twenty per cent required to produce such spirit.

15. **Production, sale and disposal of wine.**—(1) No person shall produce any wine except under the authority of a permit issued by the vereniging, and no winegrower or co-operative society shall sell or dispose of any wine except through or with the consent of the vereniging and on such conditions as may be determined by the vereniging.

[Sub-s. (1) substituted by s. 5 of Act No. 70 of 1972.]

(2) No such permit to produce wine (in terms of paragraph (a) of the definition of “wine”) shall be issued to any winegrower unless the vereniging is satisfied that he has available suitable apparatus, cellar accommodation and fustage or tanks for the making of wine.

(3) Any such permit shall expire upon the thirty-first October next succeeding the date of issue thereof.

(4) The vereniging shall be bound to give the consent required under subsection (1) for the sale or disposal of wine to a person licensed to deal in liquor or to a distiller, if the vereniging has given or is bound to give its consent under section 16 (2), to the purchase or acquisition of such wine by such person or distiller.

(5) A winegrower who or a co-operative society which sells or disposes of any wine shall, if not a member of the vereniging, be subject in respect of such sale or disposal to all the conditions and obligations to which he or such co-operative society, as the case may be, would have been subject if he or such co-operative society were such a member.

„in stortmaat”, met betrekking tot wyn, wyn wat nie in 'n houer of houers met 'n inhoudsmaat van vyf liter of minder is nie;

[Omskrywing van „in stortmaat” ingevoeg by a. 3 van Wet No. 36 van 1988.]

„jaar” 'n tydperk van die eerste Februarie in 'n jaar tot die een-en-dertigste Januarie in die daaropvolgende jaar;

„kwaliteitsprys”

[Omskrywing van „kwaliteitsprys” vervang by a. 11 (b) van Wet No. 74 van 1974 en geskrap by a. 11 (b) van Wet No. 87 van 1990.]

„minimum prys” ook, in die geval van 'n kragtens artikel 18 vasgestelde minimum prys, so 'n prys soos verhoog deur die byvoeging, kragtens genoemde artikel, van 'n bedrag, toeslag, opbergingsgelde, rente of ander gelde;

[Omskrywing van „minimum prys” vervang by a. 11 (a) van Wet No. 74 van 1974.]

„sterkte”, met betrekking tot wyn, die persentasie alkohol volgens volume daarin, plus die potensiële alkohol in sodanige wyn, verteenwoordig deur die suiker daarin bevat, uitgedruk as 'n persentasie alkohol volgens volume;

[Omskrywing van „sterkte” vervang by a. 4 (b) van Wet No. 70 van 1972 en by a. 3 (b) van Wet No. 87 van 1980.]

„wyn”—

- (a) enige soort wyn, die opbrengs van wingerdstokke in die Republiek, wat nie vir distilleringsdoeleindes bestem is nie; en
- (b) ook mos, druiwe, druiwesap, moskonfyt, rosyne, sultanas en wynmoer, bestem vir gebruik vir of by die maak van sodanige wyn;

en het 'n uitdrukking wat nie in hierdie Hoofstuk omskryf word nie en waaraan in Hoofstuk I 'n betekenis toegeskryf is, *mutatis mutandis*, dieselfde betekenis.

(2) In die omskrywing van „groothandelshoeveelheid” in subartikel (1) omvat „wyn”, benewens wyn soos in genoemde subartikel omskryf, wyn (soos in artikel 1 omskryf) vir distilleringsdoeleindes bestem en spiritus: Met dien verstande dat, in die geval van spiritus, die hoeveelheid daarvan vir die doeleindes van bedoelde omskrywing geag word die hoeveelheid wyn van 'n sterkte van twintig persent te wees wat nodig is om daardie spiritus te produseer.

15. **Produksie, verkoop en vandiehandsetting van wyn.**—(1) Niemand mag wyn produseer nie behalwe kragtens 'n permit deur die vereniging uitgereik en geen wynboer of koöperatiewe vereniging mag wyn verkoop of van die hand sit nie, behalwe deur of met toestemming van die vereniging en op die voorwaardes deur die vereniging bepaal.

[Sub-a. (1) vervang by a. 5 van Wet No. 70 van 1972.]

(2) So 'n permit om wyn (ingevolge paragraaf (a) van die omskrywing van „wyn”) te produseer, word nie aan 'n wynboer uitgereik nie tensy die vereniging oortuig is dat daardie wynboer geskikte apparaat, kelderruimte en vatwerk of tenke om wyn te maak, tot sy beskikking het.

(3) So 'n permit verval op die een-en-dertigste Oktober na en naaste aan die datum van uitreiking daarvan.

(4) Die vereniging is verplig om die kragtens subartikel (1) vereiste toestemming te verleen vir die verkoop of vandiehandsetting van wyn aan 'n persoon wat gelisensieer is om in drank handel te dryf of aan 'n distilleerder, indien die vereniging kragtens artikel 16 (2) sy toestemming vir die aankoop of verkryging van daardie wyn deur bedoelde persoon of distilleerder verleen het of verplig is om dit te verleen.

(5) 'n Wynboer of koöperatiewe vereniging wat wyn verkoop of van die hand sit, is, indien nie 'n lid van die vereniging nie, ten opsigte van sodanige verkoping of vandiehandsetting onderworpe aan al die voorwaardes en verpligtings waaraan hy of sodanige koöperatiewe vereniging, na gelang van die geval, onderworpe sou gewees het as hy of sodanige koöperatiewe vereniging so 'n lid was.

15A. Export of wine by winegrowers and co-operative societies.—No winegrower or co-operative society may export wine from the Republic, except through or with the consent of the vereniging.

[S. 15A inserted by s. 12 of Act No. 74 of 1974.]

16. Purchase and acquisition of wine by licensees and distillers.—(1) No person licensed to deal in liquor and no distiller shall purchase or acquire any wine from any winegrower or co-operative society except through or with the consent of the vereniging, or utilize any produce of vines in the Republic for or in the making of wine, except with the consent of the vereniging and on such conditions as it may determine, unless such produce has been purchased or acquired by that person or distiller through or with the consent of the vereniging for use for or in the making of wine.

(2) The vereniging shall, subject to the provisions of subsection (2A), be bound to give the consent required under subsection (1) for the purchase or acquisition by such person or distiller of wine from any one or more winegrowers or co-operative societies, if such person or distiller satisfies the vereniging that during the year in which such wine is to be purchased or acquired he has purchased or acquired or undertaken to purchase or acquire from the vereniging or one or more winegrowers or co-operative societies a quantity of wine which is a wholesale quantity, and has made or is in a position to make satisfactory arrangements as regards payment for the wine so purchased or acquired or to be purchased or acquired, including the wine in respect of which such consent is required.

[Sub-s. (2) substituted by s. 1 of Act No. 69 of 1976.]

(2A) (a) The vereniging—

- (i) may on or before the twentieth September in any particular year in writing recommend to the Minister that he fix a maximum quantity of grapes which persons licensed to deal in liquor and distillers may in the aggregate, but excluding any excess referred to in paragraph (cA), purchase or acquire from the winegrowers and co-operative societies during the year following on the recommendation, and shall in such recommendation propose a maximum quantity for this purpose; and
- (ii) shall as soon as possible thereafter by notice in the *Gazette* publish particulars of the recommendation and call upon interested persons to lodge with him the Minister in writing, within a period of fourteen days from the date of the notice, any objection to the adoption of the recommendation.

[Para. (a) substituted by s. 4 (a) of Act No. 44 of 1983 and by s. 12 (a) of Act No. 87 of 1990.]

(b) The Minister shall consider the recommendation of the vereniging as well as any objection lodged under paragraph (a) and may, in his discretion, fix a maximum quantity of grapes which persons licensed to deal in liquor and distillers may in the aggregate, but excluding any excess referred to in paragraph (cA), purchase or acquire from winegrowers and co-operative societies during the year in question, or he may decline to fix any such maximum quantity.

[Para. (b) substituted by s. 4 (b) of Act No. 44 of 1983.]

(c) If the Minister fixes a maximum quantity as contemplated in paragraph (b), he shall, on or before the thirtieth November of the year immediately preceding the year to which the fixing relates, by notice in the *Gazette* make such maximum quantity known, whereupon the vereniging shall allot a share in such maximum quantity, on the basis prescribed by regulation, to every person licensed to deal in liquor and every distiller who belongs to a class or category of persons so licensed and distillers, as is prescribed by regulation.

15A. Uitvoer van wyn deur wynboere en koöperatiewe verenigings.—Geen wynboer of koöperatiewe vereniging mag wyn uit die Republiek uitvoer nie, behalwe deur of met toestemming van die vereniging.

[A. 15A ingevoeg by a. 12 van Wet No. 74 van 1974.]

16. Koop en verkryging van wyn deur lisensiehouers en distilleerders.—(1) Geen persoon wat gelisensieer is om in drank handel te dryf en geen distilleerder mag wyn van 'n wynboer of koöperatiewe vereniging koop of verkry nie, behalwe deur of met toestemming van die vereniging, of die opbrengs van wingerdstokke in die Republiek vir of by die maak van wyn gebruik nie, behalwe met toestemming van die vereniging en op die voorwaardes wat die vereniging bepaal, tensy daardie opbrengs deur bedoelde persoon of distilleerder deur of met toestemming van die vereniging gekoop of verkry is vir gebruik vir of by die maak van wyn.

(2) Die vereniging is, behoudens die bepalings van subartikel (2A), verplig om die kragtens subartikel (1) vereiste toestemming te verleen vir die koop of verkryging deur so 'n persoon of distilleerder van wyn van een of meer wynboere of koöperatiewe verenigings, indien daardie persoon of distilleerder die vereniging oortuig dat hy gedurende die jaar waarin daardie wyn gekoop of verkry gaan word, van die vereniging of een of meer wynboere of koöperatiewe verenigings 'n hoeveelheid wyn wat 'n groothandelshoeveelheid is, gekoop of verkry het of onderneem het om so 'n hoeveelheid wyn aldus te koop of te verkry, en bevredigende reëlings getref het of in staat is om bevredigende reëlings te tref ten opsigte van betaling vir die wyn wat aldus gekoop of verkry is of gekoop of verkry gaan word, met inbegrip van die wyn ten opsigte waarvan bedoelde toestemming vereis word.

[Sub-a. (2) vervang by a. 1 van Wet No. 69 van 1976.]

(2A) (a) Die vereniging—

- (i) kan op of voor die twintigste September in 'n bepaalde jaar skriftelik by die Minister aanbeveel dat hy 'n maksimum hoeveelheid druive vasstel wat persone wat gelisensieer is om in drank handel te dryf en distilleerders in totaal, maar uitgesonderd enige oorskryding bedoel in paragraaf (cA), van wynboere en koöperatiewe verenigings mag koop of verkry gedurende die jaar wat op die aanbeveling volg, en moet in sodanige aanbeveling 'n maksimum hoeveelheid vir dié doel voorstel; en
- (ii) moet so spoedig moontlik daarna by kennisgewing in die *Staatskoerant* besonderhede van die aanbeveling publiseer en belanghebbendes aansê om binne 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van die kennisgewing enige beswaar teen die aanvaarding van die aanbeveling skriftelik by hom in te dien.

[Par. (a) vervang by a. 4 (a) van Wet No. 44 van 1983 en by a. 12 (a) van Wet No. 87 van 1990.]

(b) Die Minister moet die aanbeveling van die vereniging, asook elke beswaar ingevolge paragraaf (a) ingedien, oorweeg en kan, volgens goeddunke, 'n maksimum hoeveelheid druive vasstel wat persone wat gelisensieer is om in drank handel te dryf en distilleerders in totaal, maar uitgesonderd enige oorskryding bedoel in paragraaf (cA), gedurende die betrokke jaar van wynboere en koöperatiewe verenigings mag koop of verkry, of hy kan weier om so 'n maksimum hoeveelheid vas te stel.

[Par. (b) vervang by a. 4 (b) van Wet No. 44 van 1983.]

(c) Indien die Minister 'n maksimum hoeveelheid vasstel soos in paragraaf (b) beoog, moet hy sodanige maksimum hoeveelheid op of voor dertig November van die jaar wat die jaar waarop die vasstelling betrekking het onmiddellik voorafgaan, by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak, waarop die vereniging 'n deel van sodanige maksimum hoeveelheid, ooreenkomstig die grondslag by regulasie voorgeskryf, toewys aan elke persoon wat gelisensieer is om in drank handel te dryf en elke distilleerder wat behoort tot 'n by regulasie voorgeskrewe klas of kategorie persone wat aldus gelisensieer is en distilleerders.

(cA) If a person who is licensed to deal in liquor or a distiller purchases or acquires more grapes from winegrowers or co-operative societies during a particular year than the share allotted to him for that year under the provisions of paragraph (c), the vereniging may in such manner and on such conditions as may be prescribed by regulation, set that excess or a portion thereof off against the unused quantity, if any, of the share—

- (i) which has so been allocated to him during the preceding year; and
- (ii) which may be so allocated to him during the two subsequent years.

[Para. (cA) inserted by s. 4 (c) of Act No. 44 of 1983.]

(cB) A person who is licensed to deal in liquor or a distiller shall in respect of any portion of an excess referred to in paragraph (cA) by him, which cannot be set off within the period referred to in that paragraph in terms of the provisions of that paragraph, pay to the vereniging, subject to such conditions as the vereniging may in each case determine, an amount which is calculated on the basis of the minimum price and the amount referred to in section 18 (1).

[Para. (cB) inserted by s. 4 (c) of Act No. 44 of 1983 and substituted by s. 12 (b) of Act No. 87 of 1990.]

(d) Subject to the provisions of paragraph (cA), the vereniging shall not in respect of a year in relation to which the Minister has fixed a maximum quantity of grapes under paragraph (b), give its consent under subsection (1)—

- (i) for the purchase or acquisition of a quantity of grapes which is larger than the share allotted to the person concerned under the provisions of paragraph (c); or
- (ii) to any person to whom a share has not been allotted under the provisions of paragraph (c) in respect of that year.

[Sub-s. (2A) added by s. 1 of Act No. 69 of 1976. Para. (d) amended by s. 4 (d) of Act No. 44 of 1983.]

(3) No person licensed to deal in liquor and no distiller shall bring, or cause to be brought, on any premises used by him as contemplated in section 16A (1) of this Act and registered or required to be registered in terms of the latter section, any wine acquired by him in bulk from a winegrower or co-operative society, except with the consent of the vereniging.

[Sub-s. (3) added by s. 13 of Act No. 74 of 1974 (date of commencement not proclaimed) and substituted by s. 4 (e) of Act No. 44 of 1983 (date of commencement not proclaimed) and by s. 4 (a) of Act No. 36 of 1988.]

(4)

[Sub-s. (4) added by s. 13 of Act No. 74 of 1974 (date of commencement not proclaimed) and deleted by s. 4 (b) of Act No. 36 of 1988.]

16A. Registration of premises for certain activities in connection with wine.—

(1) No person licensed to deal in liquor and no distiller who receives wine in bulk from a winegrower or co-operative society, and no winegrower, co-operative society or bottler, shall use any premises for the receipt, manufacture, processing, packing or storage of wine (in terms of paragraph (a) of the definition of “wine”), unless those premises are registered with the vereniging.

(2) The vereniging shall issue a registration certificate in respect of each registration granted by it under subsection (1).

[S. 16A inserted by s. 14 of Act No. 74 of 1974, amended by s. 5 of Act No. 44 of 1983 and by s. 5 of Act No. 36 of 1988 and substituted by s. 13 of Act No. 87 of 1990.]

17. Restriction upon sale of wine by vereniging.—(1) Save as provided in subsection (2) or (2A), the vereniging shall not supply or sell wine—

- (a) for consumption in the Republic, Lesotho, Botswana or Swaziland—

(cA) Indien 'n persoon wat gelisensieer is om in drank handel te dryf of 'n distilleerder gedurende 'n bepaalde jaar meer druiwe van wynboere of koöperatiewe verenigings koop of verkry as die deel wat ingevolge paragraaf (c) vir daardie jaar aan hom toegewys is, kan die vereniging daardie oorskryding of 'n deel daarvan op die wyse en voorwaardes by regulasie voorgeskryf, verreken teen die onbenutte hoeveelheid, indien enige, van die deel—

- (i) wat gedurende die voorafgaande jaar aldus aan hom toegewys is; en
- (ii) wat gedurende die daaropvolgende twee jaar aldus aan hom toegewys kan word.

[Par. (cA) ingevoeg deur a. 4 (c) van Wet No. 44 van 1983.]

(cB) Iemand wat gelisensieer is om in drank handel te dryf of 'n distilleerder moet ten opsigte van enige gedeelte van 'n oorskryding bedoel in paragraaf (cA) deur hom, wat nie binne die tydperk bedoel in daardie paragraaf ooreenkomstig die bepalings van daardie paragraaf verreken kan word nie, 'n bedrag wat bereken is op die grondslag van die minimum prys en die bedrag in artikel 18 (1) bedoel, aan die vereniging betaal op die voorwaardes wat die vereniging in elke geval bepaal.

[Par. (cB) ingevoeg deur a. 4 (c) van Wet No. 44 van 1983 en vervang deur a. 12 (b) van Wet No. 87 van 1990.]

(d) Behoudens die bepalings van paragraaf (cA) gee die vereniging nie ten opsigte van 'n jaar met betrekking waartoe die Minister 'n maksimum hoeveelheid druiwe ingevolge paragraaf (b) vasgestel het, sy toestemming kragtens subartikel (1) nie—

- (i) vir die koop of verkryging van 'n hoeveelheid druiwe wat groter is as die deel van die betrokke persoon ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (c) toegewys; of
- (ii) aan iemand aan wie 'n deel nie ten opsigte van daardie jaar ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (c) toegewys is nie.

[Sub-a. (2A) bygevoeg deur a. 1 van Wet No. 69 van 1976. Par. (d) gewysig deur a. 4 (d) van Wet No. 44 van 1983.]

(3) Niemand wat gelisensieer is om in drank handel te dryf en geen distilleerder mag wyn wat hy in stortmaat van 'n wynboer of koöperatiewe vereniging verkry het, op 'n perseel wat hy gebruik soos in artikel 16A (1) van hierdie Wet bedoel en wat ingevolge laasgenoemde artikel geregistreer is of geregistreer moet wees, bring of laat bring nie, behalwe met die toestemming van die vereniging.

[Sub-a. (3) bygevoeg deur a. 13 van Wet No. 74 van 1974 (datum van inwerkingtreding nie geproklameer nie) en vervang deur a. 4 (e) van Wet No. 44 van 1983 (datum van inwerkingtreding nie geproklameer nie) en deur a. 4 (a) van Wet No. 36 van 1988.]

(4)

